Delareyville SLAGOSKOMPETISIE

ABRI LOCK & GERT BRITS

Die Stellaland Santa klub het aan die begin van 2018 besluit om deel te neem aan die Delareyville Vetvee Skou.

Die Delareyville Vetvee Skou bied al vir die afgelope paar jaar hierdie Slagos-kompetisie aan. Daar was met vorige jare verskeie beesrasse, maar die Santas was nie goed verteenwoordig nie. In 2018 het die dinge so ‘n bietjie verander! Danksy ‘n borg van die voermaatskappy, Barnlab, kon ons die kalwers vir hierdie tydperk voer. Verskeie klublede en telers van buite die klub, het met baie entoesiasme ingespring en ons kon 48 osse bymekaar kry. Die osse is almal afgelaai by Johan Haveman en hulle is daar gevoer vir 138 dae.

Die telers, wat kalwers ingeskryf het, was Johan Haveman, Kallie van der Merwe, Koos Lock, Johann de Wet, Marius Freeman, Juan Freeman, Desmond Robertson, Howard Hobson en Johan van Niekerk (‘n kommersiële boer).

Met die aankoms op die 29ste Mei was die gemiddelde gewig van die 48 kalwers 254 kg. Ten spyte van erge koue fronte gedurende die voertydperk, het die Santas nogtans baie goed gegroei.

Die groeisyfers van die kalwers was as volg:

DATUM	GEMIDDELDE GEWIG	GDT	VOV
29 Mei 2018	254 kg	-	-
11 Junie 2018	278 kg	1,699 kg/dag	5,44
25 Junie 2018	302,25 kg	1,697 kg/dag	5,66
9 Julie 2018*	321,34 kg	1,363 kg/dag	9,076
23 Julie 2018	348,659 kg	1,951 kg/dag	6,54
6 Augustus 2018	375,191 kg	1,895 kg/dag	7,12
20 Augustus 2018	399,127 kg	1,709 kg/dag	7,68
4 September 2018*	423,723 kg	1,639 kg/dag	8,269
17 September 2018**	437,279 kg	1,514 kg/dag	Nie beskikbaar
1 Oktober 2018	459,604 kg	1,594 kg/dag	Nie beskikbaar

*erge koue fronte;
**4 kalwers was ALFA toe gestuur

Gedurende hierdie tyd was die vier swaarste bulletjies, wat op 113 dae gevoer is, ALFA toe geneem vir die RPO Interras Slagos-kompetisie. ALFA het plaasgevind van 18 tot 20 September. Agt suiwer rasse het aan hierdie kompetisie deelgeneem. Alhoewel die Santas teen daardie tyd nog nie op die “finisher” van hul voerfase was nie, het hul baie goed gedoen. In die hoefbeoordeling het een van die kalwers derde geëindig. Tydens die karkasbeoordeling het die deelnemende Santas onderskeidelik sewende, agste, 23ste en 27ste plekke behaal. Die Santas het ‘n groep gemiddeld van 82,22 gehad.

ALFA INTERRAS SLAGOS-KOMPETISIE		
Dier nr.	Plasing	Totale punt
41	23	74,60
42	27	70,21
43	8	85,89
44	7	86,18

Na afloop van ALFA was daar nog drie weke wat die kalwers gevoer is, voor die Delareyville Vetvee Skou. Tydens die Delareyville Vetvee Skou het die Santas oorheers en daar was 44 Santas uit die 104 deelnemende diere.

In hierdie Slagos-kompetisie is daar verskeie gewigsklasse naamlik:

Klas A	340-380 kg
Klas B	381-410 kg
Klas C	411-440 kg
Klas D	441-460 kg
Klas E	460+ kg

Tydens die hoefbeoordeling het 'n Santa kalf, M1726, in die A-klas 'n derde plek behaal, terwyl nog 'n Santa, SS17127, in die D-klas 'n eerste plek behaal het. SS17127 was toe aangewys as die algehele wenner uit 104 diere op die hoef.

Tydens die beoordeling aan die haak het die Santa bulletjies ongelooflik goed gedoen! SS17127 het 'n algehele tweede plek behaal met 'n puntetotaal van 91,15. Hieronder volg van die ander bulletjies se merkwaardige prestasies:

ENKELKARKASPLASINGS (uit 104 slagosse)		
Plasing:	**Dier nr:**	**Totale punte:**
2	SS17 127	91,15
5	M17 47	88,89
6	LL17 236	88,72
7	HOB 3	88,18
9	SS17 110	87,75
10	JC17 92	87,39
11	HG17 44	87,32
14	JC17 127	86,83
16	HG17 45	86,42
17	VNB17 149	85,94
19	JC17 64	85,58
21	HG17 40	85,29
22	LL17 155	85,07
23	JH17 78	84,72

Die Santas het ook uitstekend gevaar tydens die groepplasings en het 'n eerste plek behaal.

GROEPPLASINGS (uit 26 groepe)		
Plasing:	**Groepnommer:**	**Totaal:**
1	11	88,74
4	17	85,79
5	14	85,48
6	13	85,41
7	10	84,82
9	8	84,02

Die gemiddelde uitslagpersentasie van die 48 kalwers was 62,2364%.

Om 'n wins te toon in die voerkraal van R1 000,00 per kalf, moet die kalf teen 'n minimum van 1,536 kg/dag groei en 'n uitslagpersentasie van 63% hê. Alhoewel uitslagpersentasie moeilik is om te voorspel, weet ons dat die Santas oor goeie uitslagtings beskik. Hier was egter ook kalwers wat 55% uitgeslag het en die hoogste uitslagpersentasie was 67,07%. Santa kruiskalwers het ook goed gedoen. Tydens die Slagos-kompetisie was hier ook suiwer kalwers van 'n ander ras wat nie die mas kon opkom met GDT nie, alhoewel hulle goeie uitslagpersentasies gehad het.

Die kalf wat die beste gegroei het, was 'n suiwer Santa, wat 2,292 kg/dag gegroei het. Die swakste groeier was van 'n ander suiwer ras wat 0,775 kg/dag was. Die beste vir daardie ras was 1,399 kg/dag. Die swakste Santa kalf, wat groei betref, het 'n GDT gehad van 1,181 kg/dag.

Hier volg 'n paar voorbeelde van die kalwers wat deelgeneem het:

	GDT:	**Uitslag-persentasie:**	**Skoon wins:**
1	2,292 kg/dag	57,46%	R2182,97
2	1,478 kg/dag	67,07%	R1704,62
3	1,812 kg/dag	60,61%	R1495,80
4	1,181 kg/dag	62,15%	-(R350,50)
5	0,775 kg/dag	66,67%	-(R1212,60)

Die volgende afleidings is uit die Slagos-kompetisie gemaak:

- 200 dae en 400 dae EBV's is baie belangrik vir die voerkraal.
- Fase C en Fase D toetse is belangrik vir GDT's.
- Die foute op lewende diere kan nie deur vet verbloem word nie. As die vel af is, sit die foute nog steeds daar.

Die Stellaland klub wil net graag ons dank uitspreek aan al die telers wat deelgeneem het, aan ons borg Barnlab asook aan die Havemanns, wat hul fasiliteite beskikbaar gestel het.

Ons ras beskik oor baie goeie eienskappe om sy plek 100% vol te staan in die vleisbedryf. Kom ons vat die Santas na sy regmatige plek en kom ons bou ons ras op. Dit is 'n ras om op trots te wees. Kom ons doen die regte ding!!!